

Goeie Nuus

Vir elke lidmaat

NG Gemeente Meyerspark Februarie 2019 - Jaargang 16 Uitgawe 1

Nuwejaarsvoorneme - Jaco Thom



Ek het besluit om hierdie jaar te probeer om 'n minder oppervlakkige lewe te lei. Nie dat ek dink ek is vlak nie (ek hoop ek is nie), maar ek dink ek kan veel beter vaar as wat tans die geval is. Die ding is, die moderne lewe help 'n mens nie daarmee nie. Daar is net te veel wat 'n mens se aandag aftrek en verlei om met die verkeerde goed besig te wees.

Ek lees vanoggend 'n stukkie van Carel Anthonissen waarin hy skryf oor die verbruikerskultuur en hoe dit ons vervlak, omdat dit inspeel op ons ewige strewe na vermaak. Hy haal Neil Postman aan, wat skryf oor die Amerikaanse kultuur, maar dit is op ons ook van toepassing: *“Modern education, journalism, religion, and almost all public discourse have largely taken the form of*

entertainment. Americans are indeed entertaining themselves to death.” Die aanlyn-artikel Selfies, Narcissism and Social Media skryf in 2016 hieroor: *“74 percent of all images shared on Snapchat are selfies. 1 000 selfies are posted to Instagram every 10 seconds. There are 93 million selfies each day, which would represent 2, 583,333 rolls of film. 19 out of 20 teens have taken selfies.”* Ons sug nie net na kits-vermaak nie, ons is ook narsisties van nature. In beide gaan dit om die self. Ek en myself en wat ek wil, dit is koning.

Iets anders wat ek gelees het, het my ook weer laat dink oor die lewe. Carl Sagan het gesê: *“What an astonishing thing a book is. It's a flat object made*

from a tree with flexible parts on which are imprinted lots of funny dark squiggles. But one glance at it and you're inside the mind of another person, maybe somebody dead for thousands of years. Across the millennia, an author is speaking clearly and silently inside your head, directly to you. Writing is perhaps the greatest of human inventions binding together people who never knew each other, citizens of distant epochs. Books break the shackles of time. A book is proof that humans are capable of working magic.” Daar is soveel méér te doen as dit waarmee ek besig is, beginnende by God se Boek!

Hierdie jaar wil ek kies teen myself; wil ek kies om te leef met verwondering. Dit vra dat ek sal wegkyk van myself, my fokus wegskuif van wat ék wil en van hou, sodat ek die lewe kan waardeer as 'n gawe, sodat ek die Gewer van die lewe kan dien en my oor Hom verwonder en in Hom kan verbly, en sodat ek die mense om my kan raak sien en waardeer en koester.

Ek is nogal versigtig opgewonde oor 2019!

Unieke, heuglike dag - Francois Humphries

Uniek – ja vir Meyerspark-gemeente en ook moontlik landwyd dat so 'n besondere gebeurtenis kon plaasvind.

Op Sondag 9 Desember 2018 toe Louisa Smit die kers in die kerk moet aansteek vir haar 80ste verjaardag, op die dag en datum, was dit meer as net 'n voorreg vir

haar, want 'n spesiale persoon het saam met haar die takie verrig. Haar Moeder, **Louisa Roux**, wat op 16 Desember verjaar, en op die dag die besondere mylpaal van 100-jarige ouderdom bereik, was saam met haar.

Wat 'n voorreg om die geseënde oomblik saam met ma en dogter te kon beleef.



'n Boer se Getuienis



Dis die dag voor Kersfees. Ek bel my broer. Hy is 'n mielieboer iewers in die Weste. "Hoe gaan dit?" Hy vertel.

"Dis die veertigste seisoen wat ons boer. Hierdie is die ergste wat ons nog ooit beleef het. Ons moet eintlik op 16 Desember klaar geplant het. Daar was nog nie reën nie." Ek: "Ons bid vir julle vir reën"

"Weet jy, toe ons begin boer het, het Pa en Ma altyd ernstig gebid vir reën. Op een stadium sê hulle dat hulle nie meer bid vir reën nie." Ek skrik my boeglam. "Hulle sê hulle bid nou vir die Here se sorg." Daar gaan vir my lig op.

"Weet jy, ons is ook dankbaar vir die droogte. Met al die jare

wat ons boer, weet ons daar is droë en nat siklusse. In die droogte is daar ook werk wat gedoen moet word. Om die damwalle te herstel wanneer die damme leeg is, is krities belangrik. Hier by ons en in die Vrystaat is die katbos besig om te vervuil. Die droogte gee ons kans om die katbos uit te roei. Ek het 'n implement waarmee ons die katbos met sy hele wortelknol en al uit die grond kan uitruk. As dit nat is, werk dit glad nie."

"Twaalfuur vandag het ons die beste klaar gedip en het ek my werksmense huis toe gestuur tot na Nuwejaar. Ek kon sien hulle is baie bekommerd. As dit nie reën nie, is hulle werk ook maar in gevaar. Ek sê egter as dit reën, gaan ek hulle bel, sodat ons kan ploeg en plant. Hulle stem honderd persent saam."

"Verlede jaar het die Here vir ons 'n rekordoes gegee. Nou sien mens dit in perspektief. Ons het deur die jare geleer om te boer

met Habakuk 3 "(Al sou . . . , al sou . . . die lande geen oes oplewer nie, . . . en al sou . . . , nogtans sal ek in die Here jubel, . . . Die Here my God gee vir my krag. . . .)

Wat doen ek met die "droogtetye" in my lewe? Dank ek die Here dat hy my die geleentheid gee om te besin oor die "damme" wat ek moet regmaak, oor die "katbosse" wat besig is om in my lewe te vervuil en wat ek moet uitroei, juis nou. As dit geil gaan in my lewe sien ek dikwels nie kans daarvoor nie. Wil ek vir die Here voorskryf dat Hy vir my "reën" moet gee, of vra ek vir sy sorg? Dank ek Hom vir vorige "rekordoeste"? "Boer" ek met Habakuk 3?

Naskrif. Na Nuwejaar was daar 50 mm sagte reën. Daar word geploeg en geplant. Bid ons dat daar nie vroeë ryp moet wees nie, of bid ons vir die Here se sorg?

Bybelleesprogram - Februarie 2019						
				Die wonder van 'n nuwe lewe		
Ons nooi alle lidmate om deel te neem aan ons Bybelleesprogram om elke dag die teks te lees vir die spesifieke dag.						
Son	Maan	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
					1	2
					Joh 3:16	Job 14:14
3	4	5	6	7	8	9
Ps 119:25	Ps 104:30	Spr 13:12	Jes 43:19	Jes 66:14	Jer 29:11	Klaagl 3:22
10	11	12	13	14	15	16
Eseg 11:19	Hosea 6:2	Joh 3:3	Hand 5:20	Rom 6:4	Rom 2:7	Rom 7:6
17	18	19	20	21	22	23
Rom 8:2	2 Kor 4:17	2 Kor 5:17	Ef 4:22	Ef 4:24	Kol 3:4	Kol 3:10
24	25	26	27	28		
Kol 3:9-10	1 Tess 2:12	Titus 3:5	1 Pet 1:3	Op 21:5		

MEYERSPARK EIENDOMS DESKUNDIGE
 18 JAAR ONDERVINDING VAN EIENDOMSVERKOPE IN AREA
 KOOP/VERKOOP OF MARKWAARDASIE. SKAKEL MY GERUS.
STENIE NAUDE. FAR EIENDOMME
082 3350 720